# Luiperds Kampnuus:

Buffelspoort SAWA Kongres
12-14 September 2014

Dagse Luiperds!

Vrydag 12 September 2014 word daar laer getrek te Buffelspoort vir die 38ste Kongres van SAWA. Vier Luiperd gesinne by name André & Vinkie Swanepoel, Peet & Elaine Venter, Phillip & Ans Opperman en Francois & Rina Storm was die afgevaardigdes en sekondante onderskeidelik om die streek te verteenwoordig. Francois en Peet het besluit om die ekonomie 'n verdere nekslag toe te dien en sommer saam, met net een woonwa en een motor, daar op te daag. Gelukkig elkeen met sy eie vrou!

Wat 'n voorreg was dit nie om SAWA se werksaamhede tydens 'n kongres te kon ervaar nie. Dit is nou maar eenmaal 'n spog geleentheid soos min en soos Jurrie Dreyer gesê het "Ons kongres reëlings en aanbiedinge vergelyk baie goed met ander instellings se aanbiedinge en is van hoogstaande gehalte indien nie die beste nie".

Gun my asseblief die geleentheid om streek Wapadrand geluk te wens met die reël en organiseer van die spog geleentheid, julle het julself oortref en dit was uitstekend gedoen. Voorwaar 'n moeilike taak, vir die wat dit volgende jaar sal aanbied, om die standaard wat julle daar gestel het te handhaaf.

Vrydagaand is daar lekker gesmul aan die hamburgers wat voorgesit is en toe sommer ook lekker gekuier met vriende wat 'n mens lank laas gesien het. Daar was voorwaar nuwe vriende gemaak en reeds bestaande vriendskappe was net hegter gesmee tot laat aand.

Saterdagoggend vroeg wikkel almal om betyds te wees vir die vergadering wat toe ook in 'n baie goeie gees gehou is. Francois was so opgewonde oor die jaffels wat hulle tydens die teebreek voor gesit het dat hy nie sy lus kon hou nie (Baie lank wat hy al wag vir 'n lekker ou jaffeltjie). André en Peet het die vergadering bygewoon as afgevaardigdes met Francois en Phillip as gaste. Sawa het tydens die vergadering 'n nuwe Nasionale bestuur aangewys met Nico Spaumer as President, Jannie Meyer as Voorsitter, André Knoetze as Ondervoorsitter, Martin Rix as Sekretaris, Gerhard Vosloo as Penningmeester en Brian van Niekerk as Skakelbeampte. Ons wens hulle ook sterkte toe met die enorme taak wat voorlê.



**Peet & Elaine Venter, Francois & Rina Storm, André & Vinkie Swanepoel asook Phillip & Ans Opperman het Luiperds by die 38ste Kongres verteenwoordig**

Die President (Nico Spaumer) het in sy openingsrede verwys na drie soorte lede wat aan SAWA behoort. en die drie kategorieë is as volg verduidelik. Hier dink ek elkeen moet maar selfondersoek doen en dan besluit in watter kategorie hy of sy val. Die derde een was bietjie tong in die kies!!!! gestel.

**Sawalid**: Dit is iemand wat by SAWA aangesluit het om te sien wat die organisasie hom kan bied en wat se voordeel hy uit die lidmaatskap gekry.

**Sawanant**: Dit is die lid wat poog om 100% kamp bywooning te hê, op te tree as kampkommandant, betrokke is op streeks vlak en behulpsaam is om die streek te help groei

**Satanant**: Dit is iemand wat gewoonlik kritiseer, beskinder, fout soek met alles en nooit betrokke wil wees in enigiets wat die streek mag of probeer aanbied nie (Het die Luiperds ook sulke lede in hul midde????, besluit self!!!!).

Na die vergadering is daar lui-lekker in en om die woonwaens gekuier tot dit tyd was om reg te maak vir die hoogtepunt van die naweek nl, die Kongresdinee. Hier het die Luiperds ook lekker uitgehang en die dames was nogals spoggerig en netjies uitgevat in hul uitrustings met die manne in die tradisionele Sawadrag geklee. Standaard vir die dames, maar nogals nie gedink party van die manne kan so mooi lyk nie, en die spreekwoord sê mos nie verniet, jy kan hulle mooi aantrek maar nooit alleen iewers heen laat gaan nie. Die Luiperds het almal aan een tafel gesit en lekker geëet en gekuier tot laat.

Was ons nie bietjie trots toe André Swanepoel moes vorentoe gaan om sy Nasionale Ere Meriete toekenning te gaan ontvang vir werk binne Sawa gelewer nie. Baie, Baie geluk André, jy verdien dit!



**André & Vinkie Swanepoel met die Nasionale Ere Toekenning wat hy tydens die dinee ontvang het**



**Die Kongres in volle swang**

Sondagoggend het ons almal saam om 09:00 eers die erediens en afsluiting bywoon voordat ons die pad huistoe aangedurf het. Ons het vir oulaas eers weer almal saam by die Wimpy middag ete geëet voor ons huiswaarts gekeer het. Dankie aan julle wat saam kon gaan dit was voorwaar 'n lekker kuier

Luiperds Groete
Francois Storm



**Die dinee in volle swang**